



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

24 Oktober 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Midde die storms, is die Here by jou!

Skriflesing: Matt 14:22 - 32

Ons Program

Vandag

Informelediens om 9:30 olv ds. Fanus Henning

Sondagskool

Deuroffer: Erediens Netwerk

Verversing: U is welkom om na die erediens 'n verversing te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Leeukuil Wyk wat gesorg het vir die verversings.

Sondag 31 Oktober

Gesamentlikediens om 9:30 olv Prof. Hermie van Zyl

Sondagskool

Deuroffer: Bybelgenootskap SA

Verversingsbeurt: Wyk 6

Oktober - Tiende Maand insameling

Die kerk se Augustus maand insameling het verskuif na Oktober, *die Tiende Maand*.

Die indeling van die bydrae is soos volg:

1/3 *Vir Bybelverspreiding*

1/3 *Vir Sending*

1/6 *Vir Ons Woning en*

1/6 *Vir Ons Kinderhuis*

Bydraes kan soos altyd Sondae in die kollekte-bordjie gegooi word, by die kerkkantoor inbetaal word of elektronies oorbetal word met die verwysing:

Voorletters+Van+10de maand

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Oktober

24 Tikkie Nieuwoudt; Francois Van der Merwe

28 Selome Cronje (95j)

29 Arno Calitz

Huweliksherdenking

24 Bennie & Jani Janse Van Rensburg (7j)

28 Jaco & Marelize Van Straten (15j)

Verkiesde kerkradslede

Wyk 1 - Barend de Lange as diaken

Wyk 4 - Amelia Le Roux as diaken

Voorbidding

- ☞ Ds. Jaco Thom - Sterk aan by die huis na operasie.
- ☞ Hannes Nieuwoudt - Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ☞ Phillip van Vuuren - In die hospitaal opgeneem vir Covid
- ☞ Mina Hugo - Gaan nie baie goed met haar nie.
- ☞ Kobus Hugo - Skouer is geopereer. Die operasie was 'n sukses, ons bid vir spoedige herstel.

Kerkkantoor gesluit 25 - 2 November

Neem asseblief kennis dat Madette met verlof is volgende week en die kerkkantoor weer sal oopwees vanaf 2 November.

Vrouebedieningafsluiting:

'n Heerlike middag word beplan vir Woensdag 10 November 2021 by Karibu.

Tyd: 14:30

Spreker: Marelize Bekker

Koste: R25 per persoon

Kaartjies sal by Ouderlingsvroue en die kerkkantoor beskikbaar wees.

Moet dit nie misloop nie en bring 'n vriendin/buurvrou saam.

Getalle moet asseblief in wees teen 3 November om die nodige voorbereiding te kan doen.

ELVIS BLUE



MET GASKUNSTENAARS:



Ten bate van JAHWEH Dagsorgsentrum
Kaartjies beskikbaar by 083 309 7277

Poppieprojek

Ons kom jaarliks bymekaar om die gebreide poppies aanmekaar te sit, maar ons wil hierdie keer vra dat elkeen wat brei, die poppies voltooid sal inhandig teen 12 November 2021.

Koekieprojek

Die jaarlikse koekieprojek, wanneer ons koekies aan ons bejaardes gee, is geskeduleer vir 18 November 2021 - moenie vergeet nie

Gedagtes vir nadenke tydens komende week

"Matt 14: 13 - 21 waarmee die erediens Sondag begin het, het vertel van die Here Jesus se sorg aan mense wat honger was. Hy is besorg oor ons liggaamlike behoeftes en voorsien - soms wonderwerkend - in ons grootste en kleinste behoeftes! Daarvoor sê ons: "Dankie Heer!"

"Matt 14: 22 - 32 het vertel van die ang en vrees wat ons as mense oorval as die storms van die lewe woedend oor ons rol. Die boodskap was: Midde die storms, is die Here by jou!

Dink mooi na:

Wat bedreig jou op die oomblik?

Wat maak jou bang?

Is dit nodig om self die oplossings en antwoorde vir alle storms en uitdagings te voorsien?

Midde die storm, die dag op die see, wat het die Heer vir die angstige dissipels gesê?

"Die Here gebruik beslis mense om in Sy skepping Sy plan vir Sy skepping tot uitvoer te bring. Sien jy jouself as deel van God se plan vir Sy skepping in ons tyd - hier waar jy nou is?

"Mag ons ervaring van die sorg van die Heer ons daartoe bring om dankbaar te erken: U is die Here, U is waarlik in beheer!

